10.2 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE RANDVAAL OOR DIE HANTERING VAN KONTENSIEUSE SAKE (Art 16)

A. Ds D van ’t Zand stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT
Dat die volgende aan die Nasionale Sinode deurgegee word: die Moderamen gee geleentheid vir Bybelstudie en gebed in groepe voordat kontensieuse sake aan die orde kom.

Motivering
Die getuienis van ds M Rebel in sy artikel in die Kerkblad (Junie 2008:35-36) toon aan dat hierdie benadering groot vrugte in die Christelik Gereformeerde kerk in Nederland se Sinode 2007 opgelewer het.

Dit kan wees dat afgevaardigdes strydlustig by die Sinode opdaag. Hierdie benadering gee geleentheid aan die afgevaardigdes om mekaar as medestryders en nie as teenstanders te sien.

As een groep die ander groep met meerderheid van stemme sou verslaan, strek dit nie tot God se eer nie. Dit is waarskynlik dat daar geen oorreding sal plaasvind nie. Die teenoorgestelde sal moontlik gebeur: die “groepe” sal waarskynlik verder uit mekaar beweeg. Ons is geroepe om mekaar in Christus te vind.
Besluit: In die lig van KO, art 32, wat hiervoor voorsiening maak, word nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee nie.